

9 November

Skrifgedeelte: Jesaja 49:1-7
Fokusgedeelte: Jesaja 49:5, 6 (1933/53-vertaling)

Ek maak jou 'n lig vir die nasies

Hoe sinryk is die Here se liedere. Ook dié in Jesaja. Die lied van die Landbouer in hoofstuk 5; van koning Hiskia in 38; van die waterverkoper in 55 ...

Ons fokus op die tweede van Jesaja se vier Diensknegliedere (42:1-4; 49:1-6; 50:4-9 en 52:13-53:12). Hierin word die komende Messias, Jesus Christus, al duideliker bekend gestel. Ons hoor hoe Hy, deur God van die moederskoot gevorm, as roeping sou hê om Israel na die Vader terug te roep. Selfs heerliker, om ook vir die heidennasies 'n lig te wees.

Die Nuwe Testament wys hoe die beloftes in die Diensknegliedere vervul is. Hoe Hy, Dienskneg, gebore uit die moederskoot, na Israel, sy eie mense, gekom het; sy lewe vir die skape afgelê het. En deur sy lyde en dood tot versoening van sonde, sy Vader se volle wil volbring het.

Tog, al is hierdie lied oor God se dienskneg by die 2 800 jaar oud, is dit ver van verouderd. Trouens, waaroor dit gaan, is steeds aan die gang. Elke dag dra Christus die lig van God se reg en sy verlossende genade tot aan die uiterstes van die aarde uit. Die seën moet elkeen wat God uitverkies het, bereik.

'n Trefferlied hoort dit vir ons elkeen te wees. Want sien, Christus, Dienskneg van God, dra die genadelig uit deur sy kerk. Ook deur jou en my. Onthou wat Hy gesê het: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh. 20:21). En: "Julle is die lig van die wêreld. Julle is die sout van die aarde" (Matt. 5:14; 13). Watter genade. Wat 'n heerlike voorreg dat God mý in sy heilige koninkryksbou gebruik!

Sing: Psalm 119:5, 26

Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)